# LAERSKOOL DIE POORT

# AANSOEKE VIR GR 1 2027

**Beste Graad R-ouers,**
**Ons gee graag aan u inligting deur om die aansoekproses minder stresvol en makliker te maak.**

## KRITERIA VIR PLASING VAN LEERDERS

1. Woonadres – binne die skool se voedingsarea
2. Aansoeker het reeds 'n boetie/sussie in die skool (nie Gr 7)
3. Werksadres – binne die skool se voedingsarea
4. Woonadres – binne 30km radius
5. Woonadres – buite 30km radius

## WEBTUISTE

www.gdeadmissions.gov.za

## STAP 1

ACCEPT TERMS & CONDITIONS

## STAP 2

Ouer registreer met:
- ID-nommer
- Naam en van
- Huisadres of werksadres

Maak seker u adres is reg! (Straatnommer, Straat, Voorstad, Pretoria). Plotnommer is belangrik by plattadresse. Indien Kameeldrift-Oos nie op die stelsel verskyn nie, kies dan Roodeplaat.

SKRYF U "USERNAME" EN "PASSWORD" NEER

## STAP 3

Registreer u kind vir Graad 1.
Hou u kind se ID-nommer byderhand.

## STAP 4

Kies 'n skool – eerste keuse eerste
LW: kies Laerskool Die Poort en nie Poort Primary nie!

## PLASINGSAANBOD

Vanaf 15 – 30 Oktober ontvang ouers 'n plasingsaanbod op hul selfoon. Aanvaar die aanbod op jou selfoon binne 7 dae om die plasing te bevestig by die skool van u keuse.

## STAP 5

Dokumentasie moet op die aanlyn sisteem aangeheg word of binne 7 dae ingehandig word.
ALLE DOKUMENTASIE MOET GEWAARMERK WEES!
- Leerder se geboortesertifikaat
- Ouers se ID-dokumente
- Bewys van adres wat u gebruik het vir aansoek (woon- of werksadres) nie ouer as 3 maande nie.
- Immunisasiekaart, "Refugee" permit, Asielsoekerpermit.

Ouers van Gr R-leerders moet by die distrik aansoek doen om 'n leerder terug te hou wat nog nie skoolgereed is nie. Kontak Gr R-fasehoof vir leiding.

## STAP 6

Nadat u "Submit" gedruk het, sal u 'n verwysingsnommer op u selfoon en op die skerm ontvang.

Druk dit uit en bewaar – dit is u verwysingsnommer deur die hele proses.

## BELANGRIK!

Nadat die GDO aanlyn toelating gedoen is sal huidige Poortjies vanaf die 7de September 2026 'n herrigtrasiedokument ontvang.

Nuwe Poortjies moet die inskrywingsvorm op ons webwerf voltooi nadat aansoek op die GDO webtuiste voltooi is.
https://1350.d6plus.co.za/register/



